

Nuusweek

Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

FM
Pretoria

Nommer 88, Jaargang 2

16 Oktober 2026

www.pretoriafm.co.za



Laai af en
deel op al jou
WhatsApp-
groepe



ANC WEN: KANDIDATE MAG STAAN

Dispuut in RNE

02

Miljarde verwe
met aanlyn dobbel

06

Dele van Pretoria
weke sonder krag

08

Meeste matrieks
nog in Gauteng

09

DIE SPLINTER NUWE

TIGGO 7

PHEV

RY VANDAG
DIE TOEKOMS

VANAF
R619 900

CHERY
CENTURION

- ELEKTRIESE REIKWYDTE
93 km
- GEKOMBINEERDE REIKWYDTE
1200+ km
- BRANDSTOFVERBRUIK
4,9 L/100 km
- 1,5 L TURBO PETROL ENJIN
+ DOUBBELMOTOR

- LED-MATRIKSLIGTE
- 24,6-DUIM GEBOÛD
DUBBELSKERM
- 540° PANORAMIESE
KAMERA
- 0-100 SNELLAAI
19 MIN. (30%-80%)

012 880 7007 | www.cherycenturion.co.za | 146 Ivan Ave, Hennopspark, Centurion

ANC se kandidate moet staan

Seugnet van Zyl

Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) moet nou die ANC se kandidate, wie se aansoeke laat ingedien is, toelaat om aan die komende verkiesing deel te neem nadat dié kommissie bloedneus in die hoogste hof van die land gekry het.

Sewe uit die nege regters van die konstitusionele hof het Donderdag in die ANC se guns beslis. Die stembriewe vir die ses geraakte munisipaliteite sal nou herdruk moet word om die ANC se kandidate in te sluit.

Die OVK het vroeër gesê die spertyd vir aanlyn nominasies is onbuigbaar en geen party of onafhanklike kandidaat sal ná die spertyd toegelaat word om te registreer nie. Die ANC het aangevoer dat hy tegniese probleme ondervind het met die OVK se aanlyn stelsel en nie sy kandidate betyds kon registreer nie. Die OVK het die ANC se verweer verwerp en volgehou dat alle partye en onafhanklike kandidate sedert 21 Junie vanjaar voldoende tyd gehad het om hul nominasies danksy 'n ononderbroke aanlyn stelsel teen die sperdatum in te dien.

Die ANC het hom toe tot die hoogste hof gewend om die OVK sover te kry om die kandidaatlyste in te sluit.

Met die uitspraak het Fikile Mbalula, sekretaris-generaal van die ANC, byna inmeekaargesak en skynbaar uit vreugde gehuil.

Mbalula het na afloop van die uitspraak gesê dat die ANC die DA se rol binne die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) moet heroorweeg.

Prof. André Duvenhage, politieke ontleder aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, sê dié hofbeslissing het hom verras.

“Dit is nie totaal onreëlmatig nie. Die konstitusionele hof het skynbaar 'n ander grondslag vir sy beslissing gebruik. Dit is dat jy nie moet toelaat dat administratiewe prosesse politieke prosesse ondermyn nie. Met ander woorde burgers moet die reg van keuse hê en dit moet nie deur 'n administratiewe fout belemmer word nie. Die demokrasie en die grondbeginsels van die demokrasie is sterker as die administratiewe kodes en prosesse.”

Volgens Duvenhage is daar 'n sterk gevoel in sekere kringe dat die konstitusionele hof met ANC-kaders gelaai is.

“Ek dink nie die volledige integriteit van die konstitusionele hof is deur hierdie beslissing aangetas nie.”

Duvenhage sê die “nou omstrede kandidatelys” wat so laat ingedien is, dui op interne konflik binne die ANC.

“Daar is nie eenstemmigheid oor die lys nie en as daai name nou gepubliseer word, gaan dit ongetwyfeld tot verdere konflik lei.”

Oor Mbalula se besluit om oor die DA se rol in die RNE te herbesin, sê Duvenhage: “Mbalula trek duidelik die swaard op die DA, wat baie sterk ten gunste was van die uithaal van hierdie kandidate.”

“Dit skep verdere konflik binne die RNE op 'n tydstip waar daar reeds groot konflik tussen politieke partye is. Mbalula beheer en bestuur dié saak totaal verkeerd en dit kan die ANC vorentoe kom byt. Ek dink nie dis nou 'n tyd om die RNE op die tafel te sit nie.”



Fikile Mbalula

Regering plaas duisende poste in gedrang

Redaksie

Die VF Plus en die DA het die afgelope week begin met 'n proses om 'n dispuut binne die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) te verklaar oor die regering se hantering van die Amerikaanse Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (Agoa).

Die VF Plus het reeds formeel 'n dispuut binne die RNE verklaar en die DA het aangedui dat die kwessie op die agenda van die kabinet geplaas gaan word met die oog op 'n moontlike dispuut. Die VF Plus-parlementslid en partyvoorsitter, Wouter Wessels, het aan Nuusweek gesê dat hulle 'n ontvangserkenning op die skrywe ontvang het.

Dit volg ná 'n skrywe van Solidariteit aan die DA en VF Plus waarin versoek word dat die twee partye, waarvoor die meerderheid van Solidariteit-lede stem, binne die regering in dispuut tree oor Agoa.

Volgens Solidariteit gaan die regering se "roekelose buitelandse beleid" moontlik daartoe lei dat Suid-Afrika uit Agoa geskop word. Die Withuis in Amerika gaan voor of op 1 November 'n besluit daaroor neem.

Solidariteit beklemtoon dat meer as 500 000 poste in Suid-Afrika van Amerikaanse handel afhanklik is, waarvan sowat 250 000 met Agoa verbind word.

Dr. Dirk Hermann, bestuurshoof van Solidariteit, sê dié optrede stuur 'n

belangrike boodskap dat die ANC se hantering van betrekkinge met die VSA nie die instemming van alle RNE-vennote het nie.


"Ons verwelkom hierdie optrede. Werknemers en hulle gesinne kan nie die prys vir die ANC se ideologiese hardkoppigheid betaal nie. Werk en handelsbetrekkinge moet nou voor partypolitiek gestel word."

Die VF Plus sê hulle dring aan op 'n dringende, gekoördineerde regeringsplan om Suid-Afrika se Agoa-voordele te behou. Die party vereis ook dat ministers Ronald Lamola en Parks Tau aan die RNE-partye verslag doen oor onderhandelinge met die VSA en die konkrete stappe om uitstaande Amerikaanse bekommernisse te hanteer.

Die DA het bevestig dat sy leier, Geordin Hill-Lewis, die saak persoonlik met president Cyril Ramaphosa opgeneem het en dat die party reeds met Amerikaanse regeringsverteenvoordigers in gesprek is. Minister Willie Aucamp sal die kwessie binne die kabinet opper en het ook 'n dringende gesprek met die Amerikaanse regering gereël.

Hermann sê die dispuut versterk hulle hand in gesprekke met die Amerikaners, maar dat dit tot daadwerklike optrede moet lei.

"Ons lede in die landbou-, motorvervaardigings- en mynboubedrywe het sekerheid



Dr. Dirk Hermann

oor hul werk nodig. Hulle kan nie op 'n uitgerekte regeringsproses wag nie."

Solidariteit beplan om binnekort met die Withuis oor Agoa te kommunikeer en later vandeemaand verdere gesprekke met die Amerikaanse regering in Washington te voer.

"Ons het net een doel voor oë, en dit is om Agoa vir Suid-Afrika te red en ons mense se werk te beskerm. Daar is slegs enkele weke oor. Die regering moet nou nasionale belang bo die ANC se ideologie stel," sê Hermann.

Brink: Ek was nie verras toe Moya my verraai nie

James Kemp

Die DA se burgemeesterskandidaat in die Tshwane-metro, Cilliers Brink, sê die kragonderbrekings wat die hoofstad die afgelope week teister, is nie 'n verrassing nie.

"In Junie hierdie jaar het die elektrisiteitsdepartement die burgemeesterskomitee gewaarsku dat daar 'n katastrofiese mislukking van infrastruktuur in die vooruitsig is."

Brink sê die elektrisiteitsdepartement het gereken dat dit in die winter kon gebeur en dat, as 'n transformator by een van die

toevoerstasies die gees gee, dit kan lei tot baie lang kragonderbrekings wat moeilik is om reg te maak.

"En dit is presies wat gebeur het."

Brink sê die verslag het ook gewaarsku oor 'n agterstand wat instandhouding betref en dat die regerende koalisie, wat uit die ANC, EFF en ActionSA bestaan, met hulle eerste aansuiweringsbegroting geld geneem het wat aangewend kon word vir die stabilisering van substasies en bestee het aan die betaling van fakture van watertenkkontrakteurs: die watertenkermafia, soos Brink hulle

noem. Diegene wat, volgens hom, onregmatig baat by die voorsiening van watertenkwaens in gebiede van die stad wat sonder water is.

"Die munisipale bestuurder, Johann Mettler, het destyds toe die besteding van R777-miljoen aan die lig gekom het aan die einde van Nasiphi Moya (ActionSA-burgemeester in die Tshwane-metro) se eerste boekjaar as burgemeester, die spesiale ondersoekteenheid gevra om ondersoek in te stel na die situasie."

Na bladsy 4

Brink: Ek was nie verras toe Moya my verraai nie (Vervolg)

Van bladsy 3

Brink sê egter hy is nie oortuig dat die spesiale ondersoekseenheid die kapasiteit het om 'n behoorlike ondersoek in te stel nie. Volgens Brink is daar ernstige ongerymdhede wat met watertenkwaens verband hou wat ondersoek moet word. Dit strek van wie die watertenkwaens besit tot bewerings wat mense in Hammanskraal maak dat 'n wyksraadslid bepaal waar dié tenkwaens moet stop.

“Elke rand wat jy op 'n watertenker spandeer in plaas van om pype te vervang gaan maak dat jy nog 'n rand spandeer op 'n watertenker in die volgende boekjaar.”

Dinge was nie altyd suur tussen Brink en Moya nie. In die tyd toe sy Brink se onderburgemeester was, het hulle, ten minste op die oog af, goed oor die weg gekom. Maar Brink sê hy was nie verras toe Moya die ANC en EFF gehelp het om hom tot 'n val te bring nie.

“Nee, ek was nie verras nie. Die eerste gesprek daarvoor wat ek met Nasiphi gehad het, was toe die ANC 'n ooreenkoms met ActionSA in Johannesburg bereik het. Mense vergeet daai. Die ooreenkoms in Johannesburg wat ek dink uiteindelik vir Dada Morero burgemeester gemaak het, het gekom van ActionSA se steun.”

Brink sê dat hy in daardie stadium vir Moya gevra het of dit 'n aanduiding is dat die koalisie in die Tshwane-metro tot 'n val gaan kom. Volgens Brink het Moya hoog en laag gesweer dat dit nie die geval is nie aangesien hulle goed saam werk en baie saam bereik.

“Ek moet vir jou eerlikwaar sê dat my indruk was dat as dit van Nasiphi Moya afgehang het, sy nie sou gedoen het wat uiteindelik gebeur het nie.”

Brink sê ActionSA se mag setel in die “stigter-eienaar” Herman Mashaba en dat dit daartoe lei dat die gesprekke met die



partyverteenwoordigers op plaaslike vlak niks beteken nie.

“Dit is 'n nul op 'n kontrak. Hulle kan nie enige vaste onderneming met jou maak en dit dan deurvoer nie. Want wanneer die leier besluit dinge moet verander, dan verander dit.”

Volgens Brink is dit vir hom moeilik om ActionSA as 'n moontlike koalisievenoot te oorweeg.

Brink sê alhoewel hy nie nou al oor koalisies wil praat nie en mik vir 'n wen in Pretoria is samewerking met ander partye iets wat wel bespreek sal word.

“Ons sal ná hierdie verkiesing moet bepaal

watter kaarte die kiesers vir ons gegee het om mee te onderhandel.”

Brink sê dat hy nooit van voorneme was om terug te keer parlement toe nadat hy as burgemeester uit die kussings gelig is nie.

“Hierdie is 'n uiters betekenisvolle projek. Baie meer betekenisvol as om in die parlement te sit. Of 'n adjunkminister te wees. Die metrorade gee mens 'n geleentheid om te wys dat Suid-Afrika beter regeer kan word. Dat daar 'n alternatief is. Dat daar 'n gemeenskap met gedeelde belange en waardes bestaan wat behoorlik bedien kan word deur mense wat nie hulle eie belang voorop stel nie.”

Jou gunsteling immuunversterker, IMMUNADUE
Nou SLEGS R119.99 by Dis-Chem



Ons moet vry wees om die regering te kritiseer

Redaksie

Die Suid-Afrikaanse Unie vir Spraakvryheid (FSU-SA) sê hulle veroordeel die voorstel van Supra Mahumapelo, voorsitter van die parlement se portefeuljekomitee oor internasionale betrekkinge en samewerking, om wetgewing in te dien wat Suid-Afrikaners van hul burgerskap sou kan ontnem omdat hulle dit wat volgens Mahumapelo waninligting sou wees, in die buiteland versprei.

Mahumapelo het AfriForum, Solidariteit, Lex Libertas en die Vryheidsfront Plus uitgesonder en na hulle skakeling in Washington verwys. Die minister van internasionale betrekkinge, Ronald Lamola, het die breër oproep tot optrede teen beweerde waninligting gesteun en aangedui dat die uitvoerende gesag moontlike maatreëls sal ondersoek om dit moontlik te maak.

Die uitvoerende direkteur van FSU-SA, Mark Oppenheimer, sê die gebeure hou 'n ernstige bedreiging vir vryheid van uitdrukking in.

“Suid-Afrikaners moet vry wees om hul regering te kritiseer, ook wanneer hulle 'n internasionale gehoor toespreek. Om politici die mag te gee om 'n kritikus se burgerskap te bedreig, sou 'n buitengewone wapen in die hande plaas van juis die mense wie se optrede bevraagteken word.”

Oppenheimer het in 'n verklaring na twee artikels in die Grondwet verwys. Dit sluit in artikel 16 van die Grondwet wat vryheid van uitdrukking, insluitend die uitruil van inligting en idees, beskerm en artikel 20 wat soos volg lees: “Geen burger mag van burgerskap ontnem word nie.” Oppenheimer sê enige voorgestelde beperking van hierdie regte moet aan die vereistes van artikel 36 voldoen, insluitend dat dit redelik en regverdigbaar moet wees in 'n oop en demokratiese samelewing. Volgens Oppenheimer kan politieke verleentheid nie die ontneming van burgerskap vir wettige spraak regverdig nie.

“Om kritiek as ‘waninligting’ te beskryf, ontnem dit nie outomaties sy grondwetlike beskerming nie. Artikel 16(2) bevat spesifieke uitsluitings van die reg op vryheid van uitdrukking; dit skep geen algemene uitsondering vir stellings wat 'n minister as vals beskou nie. Beperkings op beskermde uitdrukking moet steeds aan die Grondwet voldoen.”

Oppenheimer sê die regering is daartoe geregtig om bewerings te betwis, bewyse te publiseer en sy beleid te verduidelik, maar daar moet ook aanvaar word dat burgers sy weergawe kan bevraagteken, sy gevolgtrekkings kan betwis en steun vir verandering kan soek.



Mark Oppenheimer

FSU-SA doen 'n beroep op Mahumapelo om sy voorstel terug te trek, op die parlement om enige poging te verwerp om burgerskap afhanklik te maak van politieke konformiteit, en op Lamola om te bevestig dat Suid-Afrikaners vry sal bly om wettig voorspraak in die buiteland te maak.

“Elke Suid-Afrikaner moet dié wat hulle regeer, kan uitdaag sonder om te vrees dat hul reg om aan hierdie land te behoort, op die spel is.”

VN se armoede-indeks styg eerste keer

Marelize Maré

Die Verenigde Nasies se wêreldwye armoede-indeks het vir die eerste keer sedert die instelling daarvan in 2010 gestyg.

Volgens die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram leef sowat 1,2 miljard mense nou in uiterste, veelvuldige armoede.

Dit is 51,5 miljoen meer as die vorige jaar. beskikbaar.

Meer as die helfte van dié mense is kinders wat onder meer honger ly, onderwys misloop en nie toegang tot skoon water of elektrisiteit het nie.

Die verslag waarsku egter dat bevolkingsgroei 'n belangrike faktor in die toename is. Nuwe data was vir slegs 13 van die 108 ontwikkelende lande

33 lande het intussen die afgelope 15 jaar die persentasie van hul bevolking wat in armoede leef, gehalveer.

Die meeste mense in uiterste armoede woon steeds in Afrika suid van die Sahara en Suid-Asië.

SÊ HALLO VIR MEER KLIËNTE!

ADVERTEER IN

NUUSWEEK

BEREIK JOU TEIEKENMARK

MEER SIGBAARHEID VIR JOU BESIGHEID

Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die **volgende vlak** te neem. Stuur 'n e-pos na

adverteer@pretoriafm.co.za

Huishoudings onder druk weens aanlyn dobbel

Redaksie

Die aanlyn dobbelbedryf floreer terwyl Suid-Afrikaanse huishoudings toenemend as gevolg daarvan onder geldelike druk verkeer. Volgens 'n studie deur die Solidariteit Navorsingsinstituut (SNI) word miljarde rande jaarliks verwerd in 'n bedryf wat nie net mense se inkomste raak nie maar ook gesinne se vermoë om die pot aan die kook te hou.

Volgens die verslag het aanlyn dobbel in Suid-Afrika tussen 2021 en 2025 met 390% gegroei. Dit kan onder meer toegeskryf word aan die groter toeganklikheid wat selfone gee en die oorweldigende dobbelreklame. In die boekjaar 2024-2025 is sowat R1,5 biljoen ('n duisend miljard) in die totale dobbelbedryf verwerd, waarvan byna driekwart aanlyn.

Hoewel dié syfer herhaalde weddenskappe met dieselfde geld insluit, het dobbeloperateurs ná die uitbetaling van winste steeds R74,5 miljard in bruto dobbelinkomste oorgehou. Volgens Theuns du Buisson, ekonomiese navorser by die SNI en opsteller van die verslag, is die bevindings 'n ernstige waarskuwing oor die toenemende houvas wat dobbel op Suid-Afrikaners se geld kry.

“Ons praat hier van 'n bedryf wat teen 'n verstommende tempo groei, maar waarvan die koste nie net in rand en sent gemeet kan word nie. Agter hierdie syfers is gewone Suid-Afrikaners wat hul swaarverdiende geld verloor, huishoudings wat reeds sukkel om kop bo water te hou en gesinne wat die gevolge moet dra. Die dobbelbedryf wen al die pad, ten koste van Suid-Afrikaanse gesinne. Dit is die werklikheid wat hierdie verslag blootlê en waarvoor ons dadelik antwoorde moet kry.”

Die verslag verwys ook na voorlopige navorsing van die Nasionale Dobbelraad wat daarop dui dat mense toenemend roekelose lenings aangaan en selfs maatskaplike toelaes gebruik om te dobbel.

Internasionale navorsing wat in die verslag bespreek word, verbind aanlyn dobbel met



Theuns du Buisson

'n twee tot vier keer groter waarskynlikheid van probleemdobbel in vergelyking met ander vorme van dobbel.

Du Buisson sê hierdie bevindings wys hoe gebruikers binne enkele sekondes op 'n selfoon toegang tot dié soort dobbelplatforms kan verkry.

“Die casino is nie meer êrens in 'n gebou waarheen jy moet ry nie; dit is in jou sak. Jy kan enige tyd, enige plek en met enkele drukke op jou selfoon geld verwerd. Wat dit selfs gevaarliker maak, is dat dobbel toenemend as 'n geleentheid vir ekstra inkomste voorgelê word. Vir iemand wat reeds finansiële swaarkry, kan die belofte van vinnige geld besonder aanloklik wees. Maar dobbel is nie 'n manier om inkomste te verdien nie. Dit kan juis die geld vernietig waarvan 'n gesin afhanklik is.”

Volgens Du Buisson is Solidariteit se betrokkenheid by hierdie kwessie 'n logiese uitbreiding van sy verantwoordelikheid om werkende mense se belange te beskerm.

“Ons veg elke dag vir ons lede se werk, hul salarisse en hul bestaansveiligheid. Dit help egter min as mense hard werk om 'n inkomste te verdien, net om te sien hoe dit deur dobbelverliese uitgewis word. Ons

wil nie net beskerm wat mense verdien nie. Ons wil ook help beskerm wat hulle met daardie inkomste vir hul gesinne kan opbou.”

Solidariteit beoog om die verslag te gebruik om sterker regulering van aanlyn dobbel en dobbeladvertensies te bevorder.

Dit sluit strengere beperkings op dobbelbemarking, beter toepassing van bestaande verbodings op onwettige aanlyn casino's en groter beskerming van jong mense en ander kwesbare persone in.

Hannes Noëth, uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand, sê die werklike gevaar van probleemdobbel lê daarin dat die gevolge dikwels veel verder as die dobbelaar self strek.

“Wanneer geld wat vir kos, skoolgeld, huur of elektrisiteit bedoel is, weggedobbel word, is dit nie net die persoon wat die weddenskap geplaas het wat verloor nie. Dit raak ook die kinders wat sonder noodsaaklikhede moet klaarkom en die gesin wat die finansiële en emosionele skade moet probeer herstel. Dit raak huwelike, kinders, gesinsverhoudings en uiteindelik hele gemeenskappe.”



1 DIE % KLUB

KYKNET SE SPLINTERNUWE SPELETJIESPROGRAM

Dink jy jy is slimmer as 99% van Suid-Afrika?

Die 1%-klub, met Pierre Breytenbach as aanbieder, soek 100 spelers per episode. Jy hoef niks te swot nie: dit gaan oor logika en gesonde verstand, nie oor feite nie. En daar is tot R100 000 om te wen.

HOE WERK DIT?

Honderd mense begin elke episode saam in die ateljee. Elke vraag is vooraf aan Suid-Afrikaners gevra, en die persentasie wys hoeveel van hulle dit reggekry het. Die eerste vraag kon 90% van die land beantwoord. Daarna word dit stap vir stap moeiliker, tot by die laaste vraag wat net 1% reggekry het.

Antwoord jy verkeerd, is jy uit. Bly jy tot aan die einde in die spel, sluit jy aan by Die 1%-klub en speel jy om jou deel van die prysgeld.

GEEN ALGEMENE KENNIS NODIG NIE

Hierdie is nie jou gewone vasvrawedstryd nie. Jy hoef nie hoofstede, datums of rugbytellings te ken nie. Die vrae is raaisels, patrone en kopkrappers wat enigiemand kan uitwerk, of jy nou 'n student, 'n boer, 'n onderwyser of 'n ouma is. Dis hoekom dit so lekker is om saam te speel, en hoekom die hele gesin tuis sal saamraai.

BRING JOU MENSE SAAM

Skryf alleen in, of daag jou vriende, kollegas, koor, klub of gemeente uit om saam te kom. Elkeen skryf self in, en groepe wat saam inskryf kan op dieselfde dag speel.

- ✓ Geen oudisie en geen inskryffooie nie.
- ✓ Opnames: 31 Oktober tot 17 November 2026 by Urban Brew Studios in Randburg.
- ✓ Die opname neem 'n volle dag, en ons het jou net een dag nodig.
- ✓ Jy moet 18 of ouer wees en vlot Afrikaans praat.
- ✓ Jy reël self jou vervoer na die ateljee.
- ✓ Inskrywings sluit op 31 Oktober.

Die inskrywing neem 'n paar minute: jy vul 'n kort vorm in en laai 'n video van jouself op, sodat die keuringspan jou kan leer ken. Plekke word gevul soos mense inskryf, so moenie wag nie.

SKRYF NOU GRATIS IN

Inskrywings sluit op 31 Oktober 2026

SKRYF IN



Groot dele van hoofstad sonder krag

Seugnet van Zyl

Pretorianers moet nou byna daaglik sonder elektrisiteit klaarkom.

Inwoners vra nie meer hoekom nie, maar eerder wanneer die krag weer sal aan wees of weer sal afgaan.

Inwoners in Meyerspark moes onlangs twee weke lank sonder krag klaarkom, terwyl inwoners in Jan Niemandpark 16 dae lank in die donker moes oorleef.

Virginia Young, 'n DA-kandidaatwyksraadslid wat in Eastlynne woon en werk, sê Eastlynne het sedert 26 Desember verlede jaar tot nou die ergste kragonderbrekings beleef.

“In die eerste geval was ons krag vir 19 dae af en toe weer vir 23 dae. Dit gaan nou minstens twee dae en soms langer elke twee maande af.”

Young sê dele van haar wyk se krag was onlangs weer vir byna twee volle weke af en tot 16 dae in ander dele.

“Dit is veral bejaardes en mense met chroniese siektes wat erg hierdeur geraak word. Tydens al die kragonderbrekings

het burgemeester Nasiphi Moya in haar afwesigheid geskitter.”

Volgens Young sukkel tegnisi weens te min betroubare voertuie en hulpbronne om herstelwerk te kan doen.

In 'n video wys sy na 'n strokie van voorraad wat tegnisi uit hul eie sak moes koop om hulle werk te kan doen.

Krag blyk weens kortsluitings, vandalisme, kabeldiefstal, foutiewe kables of allerlei ander probleme vir ure of selfs dae regoor die stad af te wees.

Op hul Facebookblad lig die Tshwane-metro inwoners daaglik in oor kragonderbrekings en die herstel daarvan. Wyksraadslede regoor die stad het hul hande vol met inwoners wat kla dat hul krag al weer af is.

Tegniese spanne van die metro het sedert 29 September onverpoos gewerk om kragvoorsiening aan inwoners in Murrayfield, Watermeyer, Willow Park Manor, La Montagne en Meyerspark te herstel. Die spanne moes onder meer foute aan ondergrondse kables opspoor en herstel. Voordat die kragtoevoer weer

aangeskakel kon word, moes die herstelde kables eers getoets word. Die herstelwerk is vroeër die week afgehandel.

Aan die begin van Oktober was groot gedeeltes van Pretoria se krag af ná 'n ontploffing by die Waltoo-substasie. Die ontploffing het 'n onderbreking by die Njala-substasies veroorsaak en kragtoevoer na minstens 11 substasies onderbreek. Die metro het gedeeltelike beurtkrag ingestel terwyl die herstelwerk by die substasies verrig is. Inwoners het toe om die beurt vir ses ure krag gehad en dan vir ses ure nie.

Dana Wannenburg, DA-wyksraadslid in die noorde en die party se hoofseep, sê dit is 'n enorme probleem.

“Daar is byna daaglik 'n kortsluiting iers. Die netwerk is oorlaai. Onwettige kragkonneksies en kabeldiefstal vererger net die probleem.”

Nuusweek het kommentaar van die Tshwane-metro versoek, maar teen druktyd het hulle nog nie daarop gereageer nie.

Grootste matriekgroep nog in Gauteng



Seugnet van Zyl

'n Reusegroep matrieks het dié week in Gauteng hulle eindeksamen begin skryf.

Die 203 794 matrieks, waaronder 152 527 volttydse en 51 267 deelttydse kandidate, is die grootste groep matrikulante wat dié provinsie nog opgelewer het. Dit is 11 049 meer matrieks as verlede jaar.

Dié groep, wat in 2015 die skoolstelsel as graadeens betree en deur die Covid-pandemie beïnvloed is tydens die oorgang van die intermediêre fase na die senior fase, sal tot 26 November die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen aflê.

Rekenaartoeëpassingstegnologie was die eerste vak wat vanjaar se matrieks moes skryf.

Leerders en onderwysers het saamgestem dat die rekenaartoeëpassingstegnologie-vraestel billik was. Die handleidings was vanjaar net in Afrikaans, waar dit voorheen in Afrikaans en Engels was sodat leerlinge dan op die Engelse terminologie kon terugval sou die Afrikaanse vertaling vir hulle vreemd gelyk of geklink het.

“Taal bly maar altyd 'n probleem by rekenaartoeëpassingstegnologie, maar met net die een vraestel vanjaar is vraaginterpretasie bemoeilik,” verduidelik Constanze van der Walt, nasionale operasionele bestuurder van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas).

Matrieks het die afgelope week ook inligtingstegnologie, Engels, ekonomie en meganiese tegnologie geskryf.

“Sommige skole het probleme ondervind met die bronprogramme in inligtingstegnologie, maar dis gou opgelos. Leerlinge het gedink die eindeksamenvraestel was moeiliker as die rekordeksamen. Onderwysers het gedink die vraestel was billik en sommige het gedink daar kon meer vrae oor programmeringsbeginsels gewees het,” sê Van der Walt.

Volgens Lebogang Maile, Gautengse LUR vir onderwys, sal die provinsie se matrieks 77 vakke skryf, wat 155 vraestelle behels. Om dit te kan vermag, sal 2,7 miljoen vraestelle met

76,5 miljoen gedrukte beelde (print images) weekliks gedruk, verpak en versprei word om te verseker dat matrieks daagliks sal kan skryf.

Meer as 60 000 matrieks in Gauteng sal besigheidstudies, geografie, geskiedenis, lewenswetenskappe en toerisme skryf, terwyl meer as 30 000 oor fisiese wetenskappe en meer as 20 000 oor rekeningkunde en ekonomie sal moet rekenskap gee.

Landswyd sal 962 832 matrieks die eindeksamen aflê. Dit sluit 815 051 volttydse en 147 781 deelttydse kandidate in.



Dr. Jaco Deacon

Siviwe Gwarube, minister van basiese onderwys, het op 'n mediakonferensie gesê 51 104, waaronder 14 800 in Gauteng, merkers sal ná afloop van die eksamen die vraestelle by 189 merksentrums nasien.

Dr. Jaco Deacon, uitvoerende hoof van Fedsas sê hierdie matriekgroep se eksamens behoort vlot te verloop.

“Daar was min ontwrigtings. Ons hoop regtig dat hulle goed sal presteer.”

Deacon sê hy is wel bekommerd oor die kort rustyd van twee weke ná die rekordeksamen voor vanjaar se matrieks weer voor die boeke moes inskuif vir die eindeksamen.

“Jy moet daarom die vermoë kan hê om te leer wanneer dit nodig is en ook af te skakel, want jy kan nie vir ses weke aaneen leer nie.”

Anders as ander jare is daar vanjaar 'n verkiesing in die middel van die eindeksamen wat volgens Deacon opwinding of 'n uitdaging kan skep.

“Party van hulle gaan al 18 wees teen die tyd van die verkiesing en sal vir die eerste keer kan stem.”



Telkom
RADIO
—  AWARDS

Stem vir
PretoriaFM
en staan 'n kans om
R40 000
te wen

Stem by
www.radioawards.co.za
en klik op
MyStation Competition

P^{FM}
Pretoria

25%

afslag

op Nuusweek-regskennisgewings



Om jou regskennisgewings te adverteer,
stuur nou 'n e-pos na

adverteer@pretoriafm.co.za



Jou regskennisgewings word in
Pretoria FM se e-publikasie,
Nuusweek, asook op ons
webblad gepubliseer



Om toegang tot die
regskennisgewings te verkry
besoek

www.nuusweek.co.za

Nuusweek

— Regskennisgewings —

Bepalings en voorwaardes geld.

Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

In verlede week se Nuusweek is daar berig oor TLUSA se kritiek op die stilte wat dikwels met plaasmoorde gepaardgaan. Dit is wat lesers daarvoor te sê gehad het:



Maryna Pauls

Niks sal verander voordat die ANC, EFF, en ou Jacob se bespotlike party uit die prentjie is nie – vervang deur eerbare mense met waardes, standarde en integriteit.

En ons weet almal die moontlikheid dat 'n sneeubal nie in die hel sal smelt nie, is groter. Ek het nou ook uiteindelik hoop verloor vir ons land. Wat gaan van my kleinkinders word? Gaan hulle ook uitgemoor word?

Magda Greyvenstein

Dis tyd dat die plaasbakkies, trekkers en ander voertuie weer die verkeer ontwig op snelweë.



Gerhard van Zyl

Volksmoord word altyd ontken of verswyg. Ek sê maar net ...

Stephanie Thea Swart

Mens moet maar harder begin raas en blaas en march. Dis al taal wat die land verstaan.

Magdalena Potgieter

Wat my ongelukkig maak, is toe daardie vrouens in Kemptonpark vermoor is, was dit elke dag op die nuus, maar jy hoor niks as daar 'n plaasmoord is nie.

Denzil D. Greyling

Dit is als die ANC en EFF se skuld met hulle aanhitsing.

Riaan Werner van Wyk

Partykeer sê stilte meer as wat woorde ooit kan.

Ons wil graag van jou hoor.

Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.



Rubio waarsku dat Weste dalk laaste kans op oorlewing het



Die Amerikaanse minister van buitelandse sake, Marco Rubio, het die afgelope tyd 'n reputasie ontwikkel vir groot Europese toesprake. In Februarie vanjaar het Rubio in München in 'n toespraak die toekoms van Europa, ekonomies en wat veiligheid aanbetref, op 'n sinvolle manier gekoppel aan die herlewing van die Westerse beskawing. Verlede week het hy dit voortgesit met 'n toespraak op die historiese Pnyx in Athene, die heuwel waar die antieke Atheense volksvergadering eens byeengekom het en wat tot vandag as die bakermat van Westerse demokrasie beskou word. Agter Rubio was die ruïnes van die Parthenon en die Akropolis – jy kon moeilik vir 'n beter beeld vra indien 'n Amerikaanse leier in Europa 'n toespraak oor die Weste wou kom lewer.

Rubio se toespraak in Athene was egter ernstig en waarskuwend. Dit was 'n oproep tot die Weste om sy wortels te herontdek en die pad van agteruitgang te verwerp.

Die toespraak het gekom te midde van grootskaalse linkse studentepotes in Frankryk en toenemende kommer oor die toekoms van die Weste soos krisis wat verband hou met massa-immigrasie, lae bevolkingsaanwas, ekonomiese stagnasie, onvolhoubare welsynstate, enorme skuldvlakke en die onvermoë van talle Europese lande om hulself teen eksterne aggressie te verdedig, wat daaglik verdiep.

Rubio het in sy toespraak die Weste by 'n kruispad geplaas. Die besluite wat oor die volgende dekade geneem gaan word, het hy gesê, sal bepaal of die Westerse beskawing sy plek as leiersbeskawing in die wêreld gaan behou of bloot sy wegwynning en agteruitgang sal aanvaar.

Hy het antieke Griekse waardes, naamlik heroïsme, eer, plig en thumos (die vuur van passie, krag, moed en trots), gekoppel aan 'n nie-verskoonbare nastrewe van nasionale mag onder president Donald Trump in die VSA. Daardeur het Rubio Europese leiers daaraan herinner dat nasionale samehang, trots en mag noodsaaklik is om die beskawing in stand te hou en ook bedreigings van buite af te

weer. Volgens Rubio is daar niks selfsugtig in 'n benadering waar eie, nasionale belang, loyaliteit teenoor jou eie volk en die verdediging van sy belange bo die abstrakte “globale gemeenskap” geplaas word nie. Die Weste het, volgens hom, oop grense geskep, nywerheidsproduksie uitgekonnekteer, militêre mag laat verval, monumente afgebreek en sy eie geskiedenis veroordeel, terwyl Westerse lande se soewereiniteit aan verre burokrasieë oorgedra is.

Die hedendaagse krisis in die Weste

Rubio se diagnose van 'n diepliggende krisis in die Weste stem ooreen met 'n breër gesprek onder historici en kommentators. Die Weste staan voor verskeie uitdagings: massa-immigrasie, demografiese ineenstorting, die verval van Christenskap en tradisionele moraliteit en waardes, en 'n diep verlies aan selfvertroue.

Demografie is sentraal. Vrugbaarheidskoerse in die meeste Westerse lande is ver onder die vervangingsvlak van ongeveer 2,1 kinders per vrou. Niall Ferguson verwys in sy boek *Civilization: The West and the Rest* na die Westerse bevolking as 'n krimpende minderheid van die wêreld, terwyl verouderende samelewings met onvolhoubare skuldvlakke en fiskale druk worstel. Immigrasie bied 'n korttermynoplossing vir arbeidstekorte, maar Ferguson waarsku dat dit nie die onderliggende probleem van lae geboortekoerse oplos nie.

Douglas Murray argumenteer in *The Strange Death of Europe* dat Europa “selfmoord” pleeg deur die kombinasie van massamigrasie (veral uit die Midde-Ooste en Noord-Afrika) en 'n diep kulturele uitputting. Europa het geloof verloor in sy eie tradisies, legitimiteit en Christelike erfenis. Die “tirannie van skuld” weens kolonialisme en die Tweede Wêreldoorlog het Europa verlam. Daarom word grense nie beheer nie en is daar geen poging meer om die identiteit van Europa te verdedig nie.

Ben Shapiro het verlede week Rubio se toespraak geprys as een van die beste van die afgelope jare en dit gesien as

'n herinnering dat Westerse prestasies nie 'n bron van skaamte is nie. Die gesaghebbende *Wall Street Journal* (WSJ) se hoofartikel verlede Woensdag het Rubio se toespraak as die toespraak van die jaar beskryf.

Die WSJ haal Rubio soos volg aan: “Hier, in Athene, het ons die eerste volle verwesenliking gevind van al die wesenlike eienskappe wat die Weste sou definieer – individualiteit en onvermoeide ambisie; gewaagde verkenning en uitvinding; 'n verlange na ontdekking, na avontuur, risiko en glorie; 'n onversadigbare nuuskierigheid oor die wêreld en die beginsels waarvolgens dit funksioneer; 'n honger om die raaisels van die natuur te ken en die geheime van die kosmos te begryp.”

Hy het hierdie eienskappe vervolgens in verband gebring met die prestasies van die Weste: “Dit was die grondslag van die Westerse denke: ons wiskunde, ons wetenskap, ons geneeskunde. Ons filosofie, etiek en godsdiens. Dit was die fondament van die rykdom van die Christelike teologie – van Augustinus en Aquinas, en die hele tradisie van natuurreg.”

Geen staatshoof van 'n Europese land sou die afgelope tyd hierdie temas sentraal stel tot 'n toespraak oor die toekoms van die vasteland en sy mense nie. Nee, daar word hoofsaaklik gepraat oor eksterne bedreigings soos veiligheidsbedreigings deur Rusland of die storting van Chinese goedere in die Europese mark of die uitdagings met onwettige immigrasie.

Maar Rubio se boodskap verlede week was duidelik: Die Weste moet terugkeer na sy wortels en homself heel voordat hy eksterne gevare kan aanpak.

Rubio is dit eens met Ferguson, Murray, Shapiro en andere dat Westerse agteruitgang 'n keuse is. Die vraag is of Europa – en die breër Weste – die thumos sal herwin om te wil voortbestaan. Dit is sekerlik moontlik maar soos Rubio gewaarsku het, die tyd is besig om baie vinnig uit te loop.**N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

Wat is sukses?



Dit is eintlik 'n baie interessante vraag, want die antwoord verskil na gelang van die konteks waarin dit gevra word. Gewoonlik word sukses gemeet aan 'n prestasie wat bereik is – in besigheid, akademie, sport of op enige ander terrein waar mense hulle talente en vermoëns aanwend.

Ons behoort trots te wees op prestasies wat deur harde werk en toewyding bereik word. Elke mens is met bepaalde talente toegerus en wanneer daarmee gewoek word, kan dit konstruktiewe uitkomst lewer. Vir ons as gelowiges bly dit egter 'n genadegawe van God. Daarom moet die uiteindelijke dank en erkenning vir dit wat ons bereik, aan God Drie-enig behoort.

Vir ons in die landbou is die antwoord op die vraag na sukses egter baie eenvoudiger: Was ons winsgewend? Indien nie, is daar uiteindelik geen volhoubaarheid nie. 'n Boer kan nie vir altyd verliese ly en steeds voedsel produseer nie.

Die groot uitdaging is dat landbou bedryf word in 'n omgewing wat deur veranderlikes oorheers word waaroor die boer geen beheer het nie. Klimaat, insetpryse, internasionale markte, wisselkoerse en logistiek speel almal 'n rol. Wat egter al hoe meer onaanvaarbaar geword het, is dat politieke beleid en staatsingryping onsekerheid skep wat die landbou-ondernemer se vermoë om suksesvol te boer, direk beïnvloed.

Die Suid-Afrika wat sedert 1994 onder 'n nuwe ideologiese aanslag ontwikkel het, het oor tyd ingrypend verander. Kaderontploffing, SEB, tenderbedrog, staatskaping en die gevolge van 'n transformasiebeleid wat dikwels op ras eerder as op vermoë, prestasie en ekonomiese sinvolheid geskoei is, het 'n geweldige koste vir die land meegebring.

Die vraag moet daarom eerlik gevra word: Wat sien mense nie raak nie?

Hoe is dit moontlik dat iemand steeds probeer om 'n beleidsbenadering te regverdig terwyl die gevolge daarvan sigbaar is in swak dienslewering, vervalde infrastruktuur, gebrekkige veiligheid, staatsinstellings wat nie behoorlik funksioneer nie en 'n ekonomie wat sukkel om genoeg produktiewe werk en welvaart te skep?

Die mees kommerwekkende ontwikkeling is dalk dat Suid-Afrikaners begin het om die gevolge van regeringsmislukkinge as die nuwe normaal te aanvaar. Ons het geleer om dit te bestuur in plaas daarvan om dit te verander.

Ons behoort nie 'n kultuur van middelmatigheid, afhanklikheid en voortdurende krisisbestuur te aanvaar nie. Ons behoort steeds na uitnemendheid, selfstandigheid, verantwoordelikheid en sukses te streef.

Landbou is 'n ekonomiese proses. Die mense wat daarby betrokke is, moet onder meer oor 'n sin vir dringendheid, toekomsgerigtheid, 'n honger na kennis en 'n bereidheid tot verantwoordelike aansaarding beskik. 'n Plaas is immers nie bloot 'n stuk grond nie – dit is 'n besigheid wat onder moeilike omstandighede volhoubaar bestuur moet word.

Daarom is dit onverstaanbaar dat ideologiese oorwegings toenemend gebruik word om ekonomiese besluite te beïnvloed. Nog meer kommerwekkend is dit wanneer mense wat die gevolge behoort te verstaan, hierdie benadering verdedig.

Die wêreldgeskiedenis leer ons tog dat ekonomieë nie deur ideologie opgebou word nie. Welvaart word geskep wanneer mense die vryheid het om te werk, te produseer, te belê, te innoveer en die vrugte van hul arbeid te behou.

Daar is vandag 'n sterk oproep dat landbou as sektor eenheid moet vind en uit een mond moet praat. Die beginsel van eenheid is goed, maar rondom wat?

Indien eenheid beteken dat ons die ideologiese uitgangspunte moet aanvaar wat bygedra het tot die verval van veiligheid, infrastruktuur en staatsinstellings, sal ons bloot die huidige werklikheid verleng.

Ons het eenheid nodig rondom die regte ekonomiese beginsels.

Die vertrekpunt moet die beskerming en uitbouing van private eiendomsreg, 'n funksionerende regstaat, verantwoordelike regering en die ruimte vir 'n vrye markte ekonomie wees. Wanneer mense die geleentheid kry om hulle talente binne

so 'n omgewing te benut, word die ruimte geskep waarbinne welvaart kan ontstaan.

Wanneer ons praat van “boer tot bord”, moet ons verder dink as net die produksie van voedsel.

Daar moet suksesvolle voedselproduksie wees. Maar daar moet ook verbruikers wees wat die voedsel kan bekostig. Daar moet vervoer, elektrisiteit, water, infrastruktuur, finansiering en markte wees. En daar moet 'n beleidsomgewing wees wat genoeg vertroue skep sodat die privaat sektor bereid is om kapitaal te belê en besigheid te doen.

Dit is immers winsgewende ondernemings wat ekonomiese groei skep.

Die staat skep nie op sy eie die belastingbasis waaruit hy funksioneer nie. Die staat kan slegs belasting hef omdat mense en ondernemings ekonomiese waarde skep. Daarom is die wyse waarop belastingbetalers se geld bestuur word, van kardinale belang. Korupsie, vermorsing, wanbestuur en die wanbesteding van openbare fondse is nie bloot administratiewe probleme nie – dit vernietig ekonomiese waarde wat deur iemand anders geskep is.

Daar word dikwels gepraat van Suid-Afrika se “twee ekonomieë”. Daar is inderdaad diep ekonomiese verskille, maar ons moet kyk na die verskillende ingesteldhede waarmee mense aan die ekonomie deelneem.

Aan die een kant is daar die skeppende, produktiewe benadering: Ek aanvaar verantwoordelikheid, ek werk, ek leer, ek skep en ek bou vir die toekoms.

Aan die ander kant ontwikkel 'n opeiskultuur wanneer mense begin glo dat “iemand” uiteindelik vir hulle sal sorg en dat die staat altyd die verantwoordelikheid moet dra.

Met slegs 'n beperkte deel van die bevolking wat persoonlike inkomstebelasting betaal, is die boodskap duidelik: Suid-Afrika kry dit nie reg om 'n voldoende breë basis van produktiewe, winsgewende en belastingbetalende ekonomiese deelnemers te skep nie.

Na bladsy 15

Boer tot Bord - Wat is sukses? (Vervolg)

Van bladsy 14

En uiteindelik betaal elke inwoner van hierdie land die prys.

Die prys word betaal in duurder voedsel, minder werksgeleenthede, swakker infrastruktuur, hoër belastings, minder investering en 'n toenemende verlies aan

vertroue in die toekoms.

Sukses is daarom nie bloot 'n persoonlike prestasie nie. Dit is die vermoë van 'n samelewing om 'n omgewing te skep waarin mense kan werk, kan produseer, kan besit, kan bou en kan floreer.

Vir Suid-Afrika is die keuse uiteindelik

eenvoudig: Gaan ons voort om die gevolge van mislukte beleid te bestuur, of gaan ons die moed hê om die beginsels te herstel wat ekonomiese sukses moontlik maak?

Ons kan nie 'n beter ekonomiese toekoms verwag terwyl ons aanhou om die aspekte wat ekonomiese sukses vernietig, te verdedig nie.



#vrydagfeite

Elke Oktobermaand breek die pers jakarandabloeisels soos spookasem deur die strate van Pretoria – die Jakarandastad.

Pretorianers sien elke jaar uit na dié tyd wanneer die pers blommetjies hul opwagting maak.

Volgens die hoof van botaniese tuine by die departement natuur- en landbouwetenskappe van die Universiteit van Pretoria, Jason Sampson, is die

Jakarandastad die tuiste van 65 000 volwasse jakarandabome wat in die 1800's aangeplant is. Net op die kampus van die UP is sowat 200 jakarandabome en in Johannesburg staan 70 000 van hulle.

Jakarandas kom oorspronklik uit Brasilië. Die eerste bome is in die 1800's ingevoer deur die Kaap en Durban. Die oudste lewende boom staan steeds in Durban waar hy in 1885 geplant is.

Tydens die bou van die Uniegebou en die opgradering van Pretoria se rioolstelsel in die vroeë 1900's, moes ou bome verwyder word. Daarna is jakarandabome op groot skaal op Pretoria se sypaadjies geplant. Die eerstes is in Bosmanstraat, destyds Kochstraat, en in Arcadiapark geplant.



BARNYARD
THEATRE
MENLYN

Vier jou

2026 JAAREINDPARTYTJIE

JAAREINDPARTYTJIE PAKKET OPSIES

BEAT THE BUDGET:
R5,100 vir 10 persone (R510 per persoon)
 Sluit 10 vertoningskaartjies, 1 hoenderbord, 3 pizzas om te deel en 2 drankbewyse per persoon in.

PREMIUM:
R725 per persoon
 Sluit 'n vertoningskaartjie, buffet en 3 drankbewyse per persoon in.

012 880 2727 | BARNYARDTHEATRE.CO.ZA

Die eerste goewermentsonderwyser

Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder

Hendrik Stiemens is deur prof. Lauts, 'n ondersteuner van die Voortrekkers in Nederland, gewerf om as onderwyser na Suid-Afrika te kom. Hy, sy vrou en baba het dus die lang tog aangepak en uiteindelik, ná vele belewenisse, in 1859 in Pretoria aangekom.

Gelukkig vir ons het hy later in sy lewe, terwyl hy weer in Nederland gewoon het, 'n weergawe van sy tyd in Suid-Afrika opgeteken en ook lesings daarvoor aangebied.

Aanvanklik was hy net die dorp se onderwyser, maar later was hy Stefanus Schoeman se sekretaris toedié kortstondig die president was. Op M.W. Pretorius se aandrang was hy ook later in sy lewe weer tot met sy aftrede in die Staatskantoor werksaam. Ná 'n kort verblyf in Nederland het hy ook kom aflos as waarnemende superintendent van onderwys nadat ds. S.J. du Toit afgetree het.

Veral van belang is sy beskrywing van die klein dorp Pretoria en die leefwyse van die eerste inwoners, soos deur hom en sy vrou by hulle aankoms ondervind. Die inwoners was blykbaar baie opgewonde oor die onderwyser en het alles in hulle vermoë gedoen om hom en sy gesinnetjie so tuis moontlik te laat voel. Daar is vir hulle verblyf gereël in 'n klein maar gerieflike huisie op 'n plaas naby die dorp, en elke aand het daar, ongevraagd, meel, vleis en ander benodigdhede opgedaag.

Die lewe was nogtans anders as in Nederland, en mev. Stiemens moes self brood bak, seep kook en kerse maak. Hendrik was verplig om self sy skoene te herstel en later nuwes te maak.

Aanvanklik het die gemeenskap ingespring en 'n hartbeeshuisie in 'n skooltjie omskep, maar kort daarna is begin om 'n amptelike skool te bou. Elkeen het iets bygedra: Een het stene geskenk, 'n ander gras vir die dak, en binne drie maande was daar 'n spoggerige skool wat groot genoeg was vir sestig kinders. So gretig was die gemeenskap om hulle kinders behoorlik te laat onderrig, dat party plaasboere vir hulle hartbeeshuisies naby die dorp gebou het waar hulle tydelik kon bly terwyl die kinders skoolgegaan het.

Hendrik moes sommer vinnig ander talente ook ontwikkel, want die dorpsmense het eenvoudig geglo dat die nuwe meester alles kon doen, en het nie nee vir 'n antwoord aanvaar wanneer hulle hom gevra het om hulle met iets te help nie. So moes hy dikwels Sondae die godsdiensoefening lei, horlosies herstel, Bybels herbind en selfs vir die dorpenaars testamente opstel – teen een pond per testament.

Hy moes seker ook soms hande in die hare gewees het oor die onbillike eisel. Een ma het byvoorbeeld eendag met haar (ongeleterde) agtienjarige seun opgedaag, en geëis dat Stiemens die outjie vinnig die Bybel moet leer lees sodat hy 'n lidmaat van die kerk kon word, want hy "wil bietjie gaan trouw"!



PRETORIA
HISTORIA

Riana Mulder



*Hendrik Stiemens
[Foto: Pretoria (1855-1955),
Stadsraad van Pretoria]*

Stiemens het ook amper veroorsaak dat sy groeiende skooltjie 'n vinnige dood sterf toe hy die nuwe vak, Aardrykskunde, begin aanbied het. Ná 'n les waarin hy vir die kinders geleer het dat die aarde rond is en draai, het hy amper driekwart van sy leerlinge binne 'n maand verloor weens sy "anti-Christelike leer"!

Gelukkig vir hom het hy kort daarna die pos as Schoeman se sekretaris aanvaar ...**N**

**Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*

SÊ HALLO VIR MEER KLIËNTE!

ADVERTEER IN

NUUSWEEK

FM Pretoria

BEREIK JOU TEIEKENMARK

MEER SIGBAARHEID VIR JOU BESIGHEID

Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die **volgende vlak** te neem.

Stuur 'n e-pos na

[**adverteer@pretoriafm.co.za**](mailto:adverteer@pretoriafm.co.za)



Die Boekeblad

met Graffiti Boeke

Nuut op die rak



Diereriem

– Etienne van Heerden

R370.00 – Tafelberg

Tydens hul studentejare word drie Stellenbosch-studente gewerf as agente vir die geheimsinnige "Diereriem": Jannie Benade, later bekend as Alfa, wat tot skatryk internasionale speler ontwikkel, Carl Goedhals, gladde Karoosun-Casanova, en die introvert Antonie Vermeulen, kodenaam Muskelaatkat.

'n Kampustragedie verbind die drie onlosmaaklik aan mekaar. Dis die verhaal van Muskelaatkat, wat 'n hoogs geheime, grillige opdrag vir Alfa moet uitvoer. Muskelaatkat is emosioneel geknak deur sy vrou, Samantha, se dood, en hy is hopeloos verlief op die briljante Cambridge-navorser Mei Hui.

Sy lojaliteit aan haar, asook Alfa se agendas, dryf hom voort van Zimbabwe na Portugal, van Malta na Italië, van Frankryk na Turkye, stuur af op 'n verrassende openbaring op die eiland Prinkipo en sluit af in Istanboel.

'n Pakkende literêre spioenasieverhaal, tragiese liefdesverhaal, reisverhaal én biegtroman. *Diereriem* is 'n grootse werk, 'n verrassende wending in Van Heerden se reeds breë oeuvre.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

Volg My

– Melissa Botma

R350.00 – Luca

Wat beteken dit om Jesus te volg? Melissa Botma beskryf dit as 'n lewenslange reis met God. Elke dagstukkies is uit 'n preek wat sy oor die afgelope tien jaar by Mosaïekkerk gedeel het as deel van haar roeping, verantwoordelikheid en liefde vir God en Sy mense. Die dagstukkies is in vier dele uiteengesit:

- DEEL 1: Vra vir die genade om bewus te wees van Sy Liefde
- DEEL 2: Vra vir die genade om Sy vergifnis te ervaar
- DEEL 3: Vra vir die genade om Hom te ken, lief te hê en te volg
- DEEL 4: Vra Vir die genade om soos Jesus te kan leef

Volg My: 365 dae op reis met God is 'n versameling van 365 dagstukkies deur Melissa Botma om gelowiges nader aan God te bring in hulle verhouding met Hom.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

Kallie Kakkerlak se sewe kaskenades

– Riana Scheepers

R190.00 – Lapa

Kallie Kakkerlak is klein ... maar sy planne is GROOT!

Toe tannie Chané een oggend vir Kallie Kakkerlak in haar blink kombuis sien, gil sy só hard dat die suikersakke spat en die appels oor die vloer rol! Maar Kallie besluit sommer daar en dan: Hierdie tannie moet 'n les leer!

Met sewe skreeusnaakse kaskenades laat hy tannie Chané harder en harder gil – van "kakkerlaktvlerke" in ontbytkos tot vreemde verrassings in die badskuim! Maar wie gaan op die ou end die slimste wees: die mens of die kakkerlak?

Kallie Kakkerlak se sewe kaskenades is 'n skaterlagstorie vol poetsbakkery, chaos en een baie dapper kakkerlak wat glo hy is 'n supergogga!

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za



TOPVERKOPERS



Hier is die week se topverkopers:

- 10 **Ingekluis**
– Tertius Janse van Rensburg
- 9 **'n Leeu in 'n lugballon**
– Daniëlla van Heerden
- 8 **Ek is sy**
– Natalie Hayes
- 7 **Beneweling van bloed**
– Pieter Stoffberg
- 6 **Twee halwes maak 'n hele**
– Marita van der Vyver
- 5 **Diereriem**
– Etienne van Heerden
- 4 **Blinde kol**
– Martin Steyn
- 3 **Die geskiedenis van braaibroodjies**
– Frans de Villiers
- 2 **Op Lig**
– Thilde Nel
- 1 **Anderkant die water**
– Ronel du Plessis

Wen 'n
R300-
Graffiti-
geskenkbewys

3 Lesers kan elkeen 'n
R300-Graffiti-geskenk-
bewys wen.

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

Wie het *Diereriem* geskryf?

Whatsapp jou antwoord saam met jou naam en **volledige** adres na **072 386 5997**.

Inskrywings sluit Maandag
19 Oktober 2026.

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se Nuusweek aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

**Wenner van 09 Okt 2026
se boekekompetisie is:
Magda Durie – Rustenburg**

Al hierdie boeke sowel as ander nuwe
vystellings en topverkopers is nou
beskikbaar by

www.graffitiboeke.co.za

teen **10% afslag**.



Wyse regeerders is nie doof vir geregverdigde kritiek nie



Supra Mahumapelo se voorstel dat burgerskap van sekere Suid-Afrikaners ontnem moet kan word, en Ronald Lamola se steun vir strenger optrede teen organisasies wat volgens die regering waninligting oor Suid-Afrika versprei, het baie mense warm onder die kraag. Die huidige debat rondom Ronald Lamola en organisasies wat voel dat hulle deur sy uitlatings geïntimideer word, raak aan 'n veel groter vraag as bloot 'n politieke rusie: Wat gebeur wanneer 'n regering nie meer bereid is om na geregverdigde kritiek te luister nie?

Geen regering hou daarvan om gekritiseer te word nie. Eintlik hou geen mens daarvan nie. Kritiek ontbloom ons swakhede. Dit dwing ons om ons aannames te heroorweeg. Soms is kritiek inderdaad kwaadwillig of onregverdig, maar dit beteken nie dat alle kritiek daarom vyandskap is nie.

Inteendeel, in 'n vrye samelewing is kritiek onontbeerlik. Vryheid beteken nie bloot dat burgers van tyd tot tyd mag stem nie. Dit beteken ook dat hulle die regering mag bevraagteken, sy beleid mag kritiseer, mislukkings mag uitwys en van magshebbers rekenskap mag eis. Daarsonder raak die konsep van "opposisie" oorbodig en loop 'n demokratiese stelsel

die gevaar om in 'n diktatuur te verander. Ons Grondwet beskerm juis die reg op vryheid van uitdrukking, insluitend die reg om inligting en idees mee te deel en te ontvang.

Maar vir die Christen gaan die saak nog dieper. Geen regering se gesag is absoluut nie – iets waaraan hulle gereeld herinner moet word. Die staat is nie God nie. Regerings ontvang wel gesag, maar staan ten diepste onder God se gesag en bly daarom self aan 'n hoër morele kode onderworpe. Christus self herinner Pilatus daaraan dat geen aardse maghebber oor absolute gesag beskik nie: Sy mag is "van bo" gegee (Joh. 19:11). Die staat ontvang dus sy gesag; hy skep dit nie self nie, en kan daarom nooit self die hoogste maatstaf van reg en verkeerd word nie.

Romeine 13 leer ons om owerhede te erken, maar die hele Skrif leer ewe duidelik dat konings, magistrade en regeerders nooit bo God se wet verhewe is nie – nie eens heidense leiers nie. Nebukadnesar moes dit leer. Herodes moes dit leer. Agab moes dit leer. Die profete het juis telkens voor konings gestaan en hulle aan 'n maatstaf buite en bo hulself gemeet.

Dit is daarom gevaarlik wanneer 'n regering kritiek begin behandel asof dit opstand teen 'n absolute gesag is.

In 1 Konings 22 sien ons hoe koning Agab vir hom 'n groep profete versamel wat presies sê wat hy wil hoor. Ongeveer vierhonderd stemme bevestig sy plan. Maar Miga sê iets anders. Agab se reaksie is veelseggend: "Ek haat hom, want hy profeteer oor my niks goeds nie, maar onheil."

Agab vra nie of Miga reg is nie. Hy vra in werklikheid: Hou ek van wat hy sê? Dit is waar mag gevaarlik word. Wanneer leiers net mense rondom hulle wil hê wat alles positief napraat en kritiekloos aanvaar wat voorgestel word, word hulle nie sterker nie – hulle word blinder. Vierhonderd instemmende stemme maak nie 'n verkeerde besluit reg nie.

Juis omdat 'n regering soveel mag het, moet hy aan 'n hoër in plaas van 'n laer morele standaard gehou word. Wie oor ander regeer, moet self weet dat hy onder gesag staan.

Die toets van wyse leierskap is daarom nie hoeveel mense jou toejuig nie, maar of jy nog bereid is om te luister na dié stem wat jou ongemaklik maak. Spreuke 12:15 herinner ons dat die weg van 'n dwaas reg is in sy eie oë, "maar die wyse luister na raad". **N**



Marie Antoinette het op 16 Oktober 1793 by die Place de la Révolution in Parys tydens die hoogtepunt van die Franse Revolusie onder die guillotine aan haar einde gekom. Haar verhoor het net twee dae geduur waarna sy deur die Revolusionêre Tribunaal aan hoogverraad skuldig bevind en ter dood veroordeel is.

Die Slag van Vegkop, wat byna die Groot Trek se verdere ontplooiing gestuit het, het op 16 Oktober 1836 naby Heilbron plaasgevind. Die sowat 40 weerbare Voortrekkers het daarin geslaag om die oormag van sowat 5 000 Matabeles te verslaan.

Die aktrise Angela Lansbury is op 16 Oktober 1925 in Londen gebore. Sy sou bekendheid verwerf in rolprente soos *Gaslight* en *The Picture of Dorian Gray*, maar dit is veral vir haar hoofrol in die TV-reeks *Murder, she wrote* dat sy onthou word. Sy het vyf Tonys, ses Golden Globes en 'n ere-Oscar ontvang vir haar werk. Sy is in 2022 oorlede.

Ons eie krieketster Jacques Kallis is dag

en datum 'n halwe eeu ná Angela Lansbury gebore. Jacques word vandag 51.


Laastens: Ons herdenk hierdie naweek die geboortedag presies 100 jaar gelede van een van die vaders van rockmusiek, Chuck Berry, op 18 Oktober 1926. Van sy treffers sluit in *Maybelline*, *Roll over Beethoven* en *Johnny B. Goode*. Chuck is in 2017 oorlede. **N**



Marie Antoinette



Jacques Kallis



Chuck Berry

Astral Foods (JSE – ARL)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.



Agtergrond

Astral Foods is 'n groot pluimveeprodusent in Suid-Afrika.

Kernbevinding

'n Moontlike dalende wigformasie (moontlik positief) hou beleggers sku.

Die sprong in volume is opvallend. Die kopers sal gelukkig wees bo R190,29.

Bo lyn A (R190,35) kan die formasie na bo breek, en indien momentum na bo aan die gang kom, kan die aandeel oor tyd na R226,88 beweeg.

Onder R174,22 kan die aandeel die positiwiteit van die tafel afvee, en moontlike teikens na onder is: R173,67, R172,45, R171,22, R170,72, R169,10 en R168,67.

Ignoreer dus die aandeel onder R174,22.

Vir spekulate

Koop of gaan lank bo lyn A (R190,35), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies sal uitwerk soos bespreek en op die grafiek uitgewys, maar gebruik R184,53 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: R191,67, R192,66, R193,67, R194,02, R195,11, R196,33, R197,89, R198,22, R199,98, R200,00, R201,77, R202,01, R202,51, R203,78, R205,10, R206,44, R207,88, R209,56, R211,56, R212,54,

R21387, R214,70, R215,29, R216,72, R217,63, R219,15, R221,43, R223,79, R225,42, R226,88, R227,44, R229,17, R231,51, R233,22, R235,69, R236,87, R238,40, R240,11 en R242,00.

Vir medium- tot langtermynbeleggers

Doen dieselfde as die spekulate, maar gebruik dieselfde keerverlies as wat aan spekulate deurgegee is. Die 50-dae- bewegende gemiddelde (rooi lyn – R197,04) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddelde is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddelde is hulle positief.

Belangrike vlakke om dop te hou:

Indien die instrument kopers lok bo lyn A, kan die instrument dalk na: R191,67, R192,66, R193,67, R194,02, R195,11, R196,33, R197,89, R198,22, R199,98, R200,00, R201,77, R202,01, R202,51, R203,78, R205,10, R206,44, R207,88, R209,56, R211,56, R212,54, R21387, R214,70, R215,29, R216,72, R217,63, R219,15, R221,43, R223,79, R225,42, R226,88, R227,44, R229,17, R231,51, R233,22, R235,69, R236,87, R238,40, R240,11 en R242,00.

Opsomming

Koop of gaan lank bo R190,35, maar gebruik R184,53 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

Gevolgtrekking

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

Vrywaring

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

Nuusweek en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

Frans de Klerk

Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerk.com
Tel: 082 900 9996



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info



Ambag

Gekwalifiseerde Loodgieter - DK Plumbing Solar and Maintenance | Kleinmond | Sluitingsdatum: 19/10/2026

Bestuursposte

DRAUGHTING OFFICE SUPERVISOR - LATEGAN BOUWER ENGINEERS | Secunda | Sluitingsdatum: 19/10/2026

Algemene Bestuurder (General Manager): 5-Ster Boetiekhotel- Orffer & Van der Merwe Menslike Hulpbron Praktisyn | Upington | Sluitingsdatum: 19/10/2026

Silo Bestuurder, Mortimer - Mirna Butler Recruitment | Mortimer | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Assistent Silo Bestuurder, Clocolan - Mirna Butler Recruitment | Clocolan | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Silo Bestuurder (Maize), Elliot - Mirna Butler Recruitment | Elliot | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Finansies

Bookkeeper / Finance Manager - Cora O Neil Recruitment Agency | Colbyn, Pretoria | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Financial Assistant / Bookkeeper - Talent Evolution (Pty) Ltd | Woodhill Golf Estate, Pretoria | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Finansiële Rekenmeester, Krugersdorp - Mirna Butler Recruitment | Krugersdorp | Sluitingsdatum: 23/10/2026

IT

Vlak 1 IT Tegnikus - Werfnet (Edms.) Bpk. | Midrand | Sluitingsdatum: 20/10/2026

Retail Operations Internship/Internskap - African Alliance | Illovo, Sandton | Sluitingsdatum: 16/10/2026

Kommunikasie & Bemaking

KOMMUNIKASIEBESTUURDER - Edge Communications | Pretoria | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Landbou

Tegniese Veldagent - HRPI- HR Professional Interventions | Western Cape | Sluitingsdatum: 20/10/2026

Litigasie Sekretaresse

Litigasietikster - Mirna Butler Recruitment | Bloemfontein | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Logistiek

Distribusie/Logistieke Toesighouer - Staffworx | Samrand Business Park, Centurion | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Onderwys

Lektor: Pas en Draai - Sol-Tech Beroepsopleidingskollege | Pretoria | Sluitingsdatum: 21/10/2026

Projekbestuur

Kosteberamer - Werfnet (Edms.) Bpk. | Pretoria | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Projekadministrateur - Werfnet (Edms.) Bpk. | Pretoria | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Regslui

KANDIDAAT PROKUREUR - Dawie Beyers Prokureurs Ingelyf | Pretoria | Sluitingsdatum: 20/10/2026

Junior Assosiaat Prokureur - KVV Ing | Val-De-Grace, Pretoria | Sluitingsdatum: 21/10/2026

Taal en Redaksie

Proefleser - AfriForum | Centurion | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Tegnikus

TEGNIIESE INSTALLASIE-TEGNIKUS - BLACKBOX7- Blackbox7 Agri (Pty) Ltd | Centurion | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Verkope

Verkoopsverteenvoordiger - Midvaal Recruitment | Meyerton | Sluitingsdatum: 17/10/2026

Sales Representative - PACCO (Pty) Ltd | Silverton, Pretoria | Sluitingsdatum: 19/10/2026

Verkoopsassistent - Vellie Boutique (Pty) Ltd | Colbyn, Pretoria | Sluitingsdatum: 20/10/2026

Parts Sales - Dura Equipment Sales (Pty) Ltd | Bartlett, Boksburg | Sluitingsdatum: 23/10/2026

Werkgewers kan
GRATIS hul poste
adverteer by
www.solidariteit.co.za



www.solidariteit.co.za



Duminy en Viljoen lei SA Legendes tot oorwinning

JP Duminy se onoorwonne 89 lopies en Hardus Viljoen se vyf paaltjies het die Suid-Afrika Legendes-span in Sharjah, VAE, tot 'n gemaklike oorwinning van 88 lopies oor Bangladesh gelei in die Wêreldkampioenskap vir Legendes (WCL).

Suid-Afrika het 210/3 in hul toegelate 20 boulbeurte aangeteken voordat Bangladesh in 18,5 boulbeurte vir 122 uitgeboul is. Die oorwinning was die verdedigende kampioene se vyfde agtereenvolgende sege in die toernooi en hulle sluit die groepfase onoorwonne af.

Duminy het sewe viere en vyf sesse geslaan vir 'n onoorwonne 89 van 49 balle, nadat hy die vorige dag 76 lopies teen Engeland aangeteken het. Colin Ingram het 'n onoorwonne 40 lopies van 25 balle, insluitend drie viere en twee sesse tot die telkaart bygedra.

Nadat Suid-Afrika vroeg twee paaltjies verloor het en op 46/2 te staan gekom het, het Duminy en Morne van Wyk die beurt gestabiliseer met 'n vennootskap van 62 lopies. Van Wyk het 30 lopies van 19 balle aangeteken, met drie sesse. Duminy en Ingram het daarna 'n ononderbroke vennootskap van 102 lopies opgebou om Suid-Afrika verby die 200-kerf te neem.

Bangladesh se lopiesjaagtog het vroeg in duie gestort nadat die span binne die eerste sewe boulbeurte net 29/5 op die telbord gehad het. Mahmudullah Riyad kon 37 lopies van 26 balle aanteken, terwyl Arafat Sunny 31 lopies bygedra het. Die twee het 'n vennootskap van 54 lopies opgebou voordat Mahmudullah vanaf Shaun von Berg se boulwerk uitgevang is.

Viljoen het daarna teruggekeer om nog drie paaltjies te neem en sy beurt met 5/16 in 3,5 boulbeurte af te sluit. Robbie Frylinck het twee paaltjies vir 20 lopies geneem, terwyl Wayne Parnell een paaltjie vir slegs 12 lopies in sy drie boulbeurte platgetrek het.

Die WCL-halfeindstryde vind vandag plaas wanneer Suid-Afrika om 13:30 teen Engeland te staan kom. Om 17:30 sal Australië en die Wes-Indiese Eilande sake uitspook vir 'n plek in die eindstryd. Die eindstryd word Sondag om 17:30 op die Sharjah-krieketstadion beslis. **S**



Wayne Parnell



Bulls en Stormers oorheers in VRK-derbywedstryde

Die Vodacom Bulls en DHL Stormers het Saterdag oortuigende oorwinnings in die Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) se Suid-Afrikaanse derbywedstryde behaal.

Op 'n bloedig warm Loftus Versfeld het die Bulls vroeg Saterdagmiddag nege drieë ingeryg teenoor die Leeus se twee en het die tuisspan teen rustyd reeds met 31-10 voorgeloop. Harold Vorster, Johan Grobbelaar, Cameron Hanekom (2), Jeandre Rudolph en Canan Moodie het in die eerste 40 minute drieë gedruk. JF van Heerden, Cheswill Jooste en Sebastian de Klerk het ook ná rustyd tot die tuisspan se 57-15-oorwinning bygedra.

Dié nederlaag het die Lions se droombegin van die seisoen beëindig, nadat hulle vroeër agtereenvolgens teen Leinster en die Ospreys op eie bodem gewen het.

Later die middag het die Stormers ses drieë teenoor die Sharks se drie gedruk om met 39-22 te seëvier. Die Kapenaars se kragtige skrum en aanvallende spel het bygedra tot die sukses in die wedstryd, met Hacjivah Dayimani wat twee drieë gedruk het. Seabelo Senatla, André-Hugo Venter, Leolin Zas en JJ Kotze het ook drieë gedruk.

Die Sharks het ná rustyd teruggeveg en hul agterstand tot 34-22 verklein, maar die Stormers het beheer herwin en Kotze se drie het die oorwinning beklank. Dié uitslag gee die Stormers 'n hupstoot ná hul nederlaag teen Edinburgh die vorige week,

terwyl dit die Sharks se onoorwonne begin tot die kompetisie beëindig het.

Verlede naweek se uitslae het die ligapunte aansienlik geskommel. Die Bulls beklee nou die derde plek op die punteleer met 11 punte, gevolg deur die Stormers in die vierde plek, ook met 11 punte. Die Sharks het na die vyfde plek teruggesak met 10 punte, terwyl die Lions in die sewende plek is met nege punte. Edinburgh en die

Glasgow Warriors, wat ná drie rondes die enigste onoorwonne spanne is, is boaan die punteleer met onderskeidelik 14 en 13 punte.

Die Suid-Afrikaanse spanne verskuif nou hul aandag na die Europese Investec Kampioene- en Uitdaagbekercompetisies wat vandag afskop, voordat die VRK-toernooi volgende week hervat.

Kampioenebekerbepalings:

Vrydag 16 Oktober

21:00 Gloucester **vs** Union Bordeaux-Begles

Saterdag 17 Oktober

14:00 Sale Sharks **vs** Glasgow Warriors
Vodacom Bulls **vs** Stade Francais

16:15 ASM Clermont **vs** Leinster
DHL Stormers **vs** Bristol Bears

18:30 Connacht **vs** Saracens
La Rochelle **vs** 10bet Lions

21:00 Munster **vs** Racing 92
Bath **vs** Montpellier Hérault

Sondag 18 Oktober

14:00 Section Paloise **vs** Leicester Tigers

16:15 Stade Toulousain **vs** Exeter Chiefs

18:30 Northampton Saints **vs** Cardiff Rugby

Uitdaagbekerbepalings:

Vrydag 16 Oktober

21:00 Dragons **vs** USA Perpignan
Edinburgh **vs** Toulon

Saterdag 17 Oktober

14:00 Lyon **vs** Hollywoodbets Sharks
Black Lion **vs** Ospreys

16:15 Zebre **vs** Ulster

21:00 Llanelli Scarlets **vs** Newcastle Falcons

Sondag 18 Oktober

14:00 Aviron Bayonnais **vs** Cheetahs
Harlequins **vs** Vannes

18:30 Castres Olympique **vs** Benetton Rugby



Jake White aangestel as Fidji se afrigter

Die voormalige Springbok-afrigter Jake White is vandeesweek as die nuwe hoofafrigter van Fidji se nasionale rugbyspan, die Flying Fijians, aangestel ter voorbereiding van die 2027-Rugbywêreldbeker in Australië.

Die Fidjiaanse Rugbyunie hoop dat White die span se natuurlike talent en aanvallende spel met groter dissipline, konsekwentheid en deeglike voorbereiding sal kombineer om beter resultate teen die wêreld se voorste rugbylande te behaal.

White vervang vir Mick Byrne, wie se verbintenis met Fidji in April beëindig is ná verskille oor die toekomstige rigting van



Jake White

die span se program.

White sê hy wil nie die unieke identiteit van Fidjiaanse rugby verander nie, maar eerder daarop voortbou deur struktuur, dissipline

en 'n wenkultuur te vestig.

White se eerste toets as afrigter is op 24 Oktober teen Japan in Tokio, in 'n wedstryd ter viering van die Japanse Rugbyunie se eeuefees. Fidji vertrek daarna na Europa vir die oorblywende Nasiesbeker-toetse teen Frankryk, Ierland en Italië.

Die 62-jarige White het Suid-Afrika in 2007 na Rugbywêreldbekerglorie gelei en in 2004 die Drienasiestoernooi verower. Hy het ook al verskeie senior afrigtingsposte beklee, onder meer by die ACT Brumbies in Australië, die Haaie en Bulls in Suid-Afrika, Montpellier in Frankryk en Toyota Verblitz in Japan.

Australië klop Proteas in eerste toets

Australië het vroeër vandeesweek vir Suid-Afrika met 214 lopies in die eerste toets op Kingsmead in Durban geklop, vir 'n voorsprong van 1-0 in die toetsreeks van drie wedstryde.

Die besoekers het eerste gekolf en 390 lopies aangeteken, danksy Matt Renshaw se indrukwekkende 190. Suid-Afrika se Wiaan Mulder het in die eerste beurt met die bal uitgeblink en vier paaltjies vir 68 lopies platgetrek, terwyl Marco Jansen drie paaltjies kon inoes, maar ook 68 lopies afgestaan het.

In die Proteas se eerste beurt is hulle vir 284 lopies uitgehaal. David Bedingham (49) en Aiden Markram (37) was die voorste kolwers. Australië het daarna verder beheer oor die kragmeting geneem en hul tweede beurt op 314/6 gesluit verklaar, met Renshaw wat weer 'n belangrike bydrae met 82 lopies gelewer het.

Suid-Afrika is 'n teiken van 421 lopies gestel, maar kon in hul tweede beurt op dag vier en vyf, slegs 206 lopies aanteken voor almal uitgehaal is. 'n Vasberade Markram het met 75 lopies van 237 balle die meeste weerstand gebied, terwyl Bedingham 46 en Jansen 35 bygedra het.

Australië se Josh Hazlewood was die uitblinker met die bal en het ses paaltjies vir 49 lopies geneem. Die Proteas het hul laaste vier paaltjies vir slegs vyf lopies verloor.

Renshaw is as Speler van die Wedstryd aangewys ná sy uitstekende bydraes met die kolf en bal.

Die tweede toets begin Sondag 18 Oktober in Gqeberha, waar Suid-Afrika sal probeer terugveg in 'n poging om die reeks gelykop te maak.



Aiden Markram



Formule 1 terug in Afrika, maar nie op Kyalami

Formule 1 het vandeeweeke 'n geskiedkundige ooreenkoms van tien jaar aangekondig om die FIA se Formule 1-wêreldkampioenskap vir die eerste keer sedert 1993 na Afrika terug te bring. Die Formula 1 African Grand Prix, aangebied deur Visit Rwanda, sal na verwagting in die vroeë 2030's in Rwanda plaasvind.

Dié beplande wedren sal op 'n renbaan in Bugesera aangebied word, sowat 40 km suid van die hoofstad, Kigali, en naby die nuwe Kigali Internasionale Lughawe. Die baan sal volgens FIA- Graad 1-standaarde ontwikkel word en deel vorm van 'n groter projek om sport, toerisme, infrastruktuur en sakegeleenthede in die land te bevorder.

Die terugkeer na Afrika is deel van Formule 1 se plan om wêreldwyd uit te brei, terwyl Rwanda homself reeds as 'n bestemming vir groot internasionale sportbyeenkomste gevestig het. Die nuwe Grand Prix sal na verwagting toerisme bevorder, beleggings lok en nuwe geleenthede vir gemeenskappe en ondernemings skep. Die renbaan sal ook vir ander motorsportbyeenkomste, konferensies en vermaaklikheidsgeleenthede gebruik word.

Rwanda se president, Paul Kagame, het dié aankondiging as 'n belangrike oomblik vir Afrika beskryf en gesê jongmense op die vasteland verdien die geleentheid om die sport tuis te beleef en hulself

as ingenieurs, tegnisi, entrepreneurs en toekomstige renjaers daarin te sien.

FIA-president Mohammed Ben Sulayem het die kampioenskap se terugkeer na Afrika as 'n historiese stap vir motorsport bestempel, terwyl Formule 1 se uitvoerende hoof, Stefano Domenicali, gesê het Afrika was nog altyd deel van die sport se toekomsvisie.

Die presiese datum van die eerste wedren en verdere besonderhede oor die baan se ontwikkeling sal later bekend gemaak word.

Intussen het die minister van sport, kuns en kultuur, Gayton McKenzie, Rwanda gelukgewens met die prestasie. Hy beklemtoon egter dat Suid-Afrika se eie poging om 'n Grand Prix aan te bied steeds voortgaan, met 2028 of 2029 as moontlike teikendatums.

McKenzie het hom uitgespreek teen die siening dat Rwanda Suid-Afrika geklop het om Formule 1 na Afrika terug te bring. Volgens hom het Rwanda reeds jare gelede met sy aansoekproses begin en moet die land se sukses as 'n oorwinning vir die hele vasteland beskou word.

Hy het bevestig dat Suid-Afrika met belangrike borge saamwerk om sy bod te versterk. Onder die maatskappye wat reeds hul steun toegesê het, is MTN, Betway, Discovery en Canal+. 'n Groot bankvennoot sal na verwagting tydens 'n latere geleentheid aangekondig word.

McKenzie meen Afrika behoort nie tot net een Formule 1-wedren beperk te word nie. Hy het daarop gewys dat die Midde-Ooste vier wedrenne, die Verenigde State drie en Europa nege aanbied en bevestigte waarom 'n vasteland met 54 lande net een wedren behoort te huisves.

Hy het ook Suid-Afrika se breër ambisies om 'n internasionale sportbestemming te word, beklemtoon. Die land het onlangs die reg bekom om die eerste Afrika-gasheerland van die SportAccord-byeenkoms te wees en doen ook aansoek om die Olimpiese Spele in 2036 aan te bied sowel as die Statebondspele. McKenzie wys daarop dat Suid-Afrika boonop reeds 'n been van die LIV Golf-reeks aangebied het en dat dié reeks volgende jaar sal terugkeer indien die uitdagings sonder Saoedi-Arabiëse befondsing en herstrukturering van die toernooi oorkom kan word.

Volgens McKenzie sal president Cyril Ramaphosa na verwagting in die eerste week van Desember na Abu Dhabi reis om met Formule 1-vertegenwoordigers oor Suid-Afrika se bod te vergader.

McKenzie het beklemtoon dat Rwanda se sukses nie as 'n terugslag vir Suid-Afrika beskou moet word nie, maar eerder as 'n belangrike stap vorentoe vir motorsport in Afrika, terwyl Suid-Afrika voortgaan met sy eie pogings om 'n plek op die F1-kalender te verseker.